

“HAAI, JACO JACOBS! WANNEER SKRYF JY ’N REGTE BOEK?” ’N BESTEKOPNAME VAN AFRIKAANSE KINDER- EN JEUGBOEKE (1999–2009)¹

LETI KLEYN

Eenheid vir Akademiese Geletterdheid,
Universiteit van Pretoria
leti.kleyn@up.ac.za

MARITHA SNYMAN

Departement Inligtingkunde,
Universiteit van Pretoria, Suid-Afrika
marithas@lapa.co.za

ABSTRACT

Ten years after Betsie van der Westhuizen’s (1999) argumentation, this article attempts to take stock of the state and place of Afrikaans children’s and juvenile books in the Afrikaans literary system. By making use of analyses of production profiles, selected published texts in scientific journals and the broad media, interviews with role players and histories of publishers, the interaction between the broader Afrikaans literary system – which includes authors, illustrators, publishers, media, reviewers, literary histories, academics, readers and other role players – and the subsystem of children’s and juvenile literature is investigated synoptically here.

The following factors are identified as themes for discussion: (i) restructuring of publishing companies involved in Afrikaans children’s and juvenile books after 1994; (ii) markets for Afrikaans children’s and juvenile books; (iii) visibility of Afrikaans children’s and juvenile books in the broader media; (iv) academic foundation of the genre of Afrikaans children’s and juvenile books; and (v) development of local authors and illustrators.

1 INLEIDING

Die tema van die 32ste *International Board on Books for Young People* (IBBY)-kongres wat in 2010 in Santiago gehou is, het soos volg gelui: “Children’s and young people’s literature: a minority area within the literature arena” (IBBY-kongresprogram

2009). Die kongresorganiseerders verduidelik dat kinder- en jeugboeke, ten spyte van die onmisbare teenwoordigheid daarvan in die mark, steeds ’n minderwaardige status beklee in die oë van redakteurs, skrywers en media in die algemeen. ’n Suid-Afrikaanse navorser op die gebied van kinder- en jeugboeke, Betsie van der Westhuizen, raak in haar navorsing reeds in 1999 ’n soortgelyke probleem aan ten opsigte van Afrikaanse kinder- en jeugboeke. Volgens Van der Westhuizen (1999:125) het die persepsie toegeheers dat dit goed gaan met die Afrikaanse kinder- en jeugliteratuur, maar dat dit inderwaarheid glad nie die geval was nie. Sy verwys na “apatie en onbetrokkenheid” as faktore wat “’n bedreiging inhou vir die welstand en groei van ’n saak [... en, wat] ’n gevaartoestand vir die hele literêre bedryf [sal word]” (Van der Westhuizen 1999:137–138). Om dié situasie om te keer sal rolspelers in die groter Afrikaanse literêre sisteem se toewyding en betrokkenheid by die kinder- en jeugboek moet toeneem, en sy (Van der Westhuizen 1999:137–138) stel voor rolspelers in die Afrikaanse literêre sisteem moet krities ondersoek instel om die situasie te verbeter.

Van der Westhuizen se bekommernis was geldig. Geen literêre sisteem kan voortbestaan as lesers nie van ’n jong ouderdom af aangemoedig word om te lees nie. Dit geld veral ook Afrikaans: “Geen taal kan bekostig om ’n deel van sy letterkunde te ignoreer nie, nog minder só as dit ’n relatief ‘klein’ letterkunde is, soos die Afrikaanse” (Wybenga & Snyman 2005:12–13).

Die geldigheid van hierdie waarskuwings word met reëlmaat aan ons voorgehou in die Afrikaanse media (sien afdeling 4 met verwysing na die aantal resensies) en wetenskaplike vaktydskrifte (wat aandui hoe beperk navorsing is, wat op hierdie gebied onderneem is).² Sien ook die kommer wat bestaan oor die swak leeskultuur en ontoereikende leesvaardigheid onder Afrikaanse kinders (Snyman 2006; Diedericks-Hugo & Meiring 2009). Tog lyk dit asof hierdie waarskuwings nie die Afrikaanse literêre sisteem kan oortuig om die saak van die Afrikaanse kinder- en jeugliteratuur hulle erns te maak nie.

“Wanneer skryf jy ’n regte boek?” is ’n algemene vraag wat rolspelers in die Afrikaanse literêre sisteem aan jeugverhaalskrywers vra. Barry Hough (aangehaal in Nieman 2005:135) vertel dat kollegas, medeskrywers en selfs ’n uitgewer hierdie vraag aan hom gestel het. Ook Jaco Jacobs – onder meer wenner van die Alba Bouwer-prys vir kinderliteratuur, C.P. Hoogenhout-medalje en verskeie ATKV-kinderboektoekennings – dui in gesprek met Viljoen (2009) aan dat hy dié vraag ook al dikwels gevra is.

“As die vraag gevra word met die bedoeling: ‘Wanneer gaan jy ’n regte boek skryf?’, glimlag ek net,” verduidelik Jacobs (in gesprek met Fanie Viljoen 2009:34). “Kinder- en jeugboeke is ’n uitdagende, selfstandige genre waar onder meer kennis van jou teikenmark onontbeerlik is vir sukses – veel meer, meen ek, as met boeke vir volwassenes.” Later dui Jacobs aan: “Fanie Viljoen [kan] enige dag ’n spanningsroman vir volwassenes skryf, maar gelukkig skryf hy eerder vir tieners. Daar’s genoeg skrywers wat vir volwassenes skryf!”

In die verlede is kinder- en jeugliteratuur asook enkele ander genres as minderwaardige letterkunde beskou en het dit min of geen status gehad nie (Nieman 2005:132). Die

Vlaamse literatuurwetenskaplike Rita Ghesquiere (1997) dui in haar navorsing aan dat hierdie genre(s) in die skadu van literatuur vir volwassenes ontwikkel het en dat dit “sekere konsekwensies vir sowel die status van die outeur as die kritiek oor die teks self gehad [het]” (Nieman 2005:132). Die skrywers van hierdie genre(s) is as gering geag en die werk het, as gevolg van die stigma wat daaraan (ge)kleef (het), stadiger as ander genres ontwikkel. Die saak is ook vererger deur die persepsie dat kinder- en jeugliteratuur (bloot) as opvoedingsmiddel gebruik moet word (Grobler in gesprek met Brynard 2008:4; Snyman 2001:55; Snyman & Venter 2004:132–133). Hierdie subgenres word nie as volwaardige literatuur en ook nie as kunsvorm op sigself beskou nie (Snyman & Venter 2004:132–133). Ghesquiere (1997:22) maak egter ’n saak daarvoor uit dat jeugliteratuur ook as ‘kuns’ beskou kan word.

Hierdie artikel maak deel uit van voortgesette navorsing op die gebied van produksiepatrone (Snyman & Venter 2004) en kanoniseringsmeganismes (Kleyn 2010) in die Afrikaanse letterkunde. In hierdie artikel word daar dan gepoog om, tien jaar ná Van der Westhuizen se betoog, bestek op te neem van die stand en plek van Afrikaanse kinder- en jeugboeke in die Afrikaanse literêre sisteem.³ Deur gebruik te maak van die analise van produksieprofiel, geselekteerde gepubliseerde tekste in wetenskaplike vaktydskrifte en die breë media, onderhoude met rolspelers en uitgewersgeskiedenis, word die wisselwerking tussen die breër Afrikaanse literêre sisteem (skrywers, illustreerders, uitgewers, media, resensente, literatuurgeskiedkundiges, akademici, lesers en ander rolspelers) en die subsisteem kinder- en jeugliteratuur, hier oorsigtelik ondersoek.⁴ Enige literêre subsisteem wat wil groei en oorleef, is afhanklik van die bestaan van dinamiese uitgewerye, afsetgebiede waar die leserspubliek die produk kan bekom, publisiteit en sigbaarheid van die produk sodat lesers daarvan weet, ’n akademiese fundering wat aan die subsisteem geldigheid verleen en die ontwikkeling van skrywers en – in die geval van kinder- en jeugliteratuur – ook illustreerders. Hierdie faktore is gebruik vir die bestekopname ter hand:

- i. stand van uitgewerye betrokke by Afrikaanse kinder- en jeugboeke ná 1999;
- ii. afsetgebiede van Afrikaanse kinder- en jeugboeke;
- iii. sigbaarheid van Afrikaanse kinder- en jeugboeke in die breër media;
- iv. akademiese fundering van die genre(s) Afrikaanse kinder- en jeugboeke;
- v. ontwikkeling van plaaslike skrywers en illustreerders.

2 HERSTRUKTURERING VAN UITGEWERE BETROKKE BY AFRIKAANSE KINDER- EN JEUGBOEKE 1999–2009

“’n Ondersoek na die boekbedryf vra om ’n perspektief waarin die ekonomiese, politieke, institusionele en tegnologiese faktore verreken word, want alle literatuur word

noodwendig beïnvloed deur die wyse waarop hierdie kategorieë meespeel,” verduidelik Barnard (2005:18). Veranderinge oor die laaste dekade het, soos in die vorige dekade (Snyman & Venter 2004; Galloway & Venter 2006; Venter 2006) aan verskeie fronte ’n invloed op die Afrikaanse literêre sisteem uitgeoefen.

Die skoolboekmark het in 1998 byna tot ’n stilstand gekom ná ’n besnoeiing van 85% in die begroting van skoolboek aankope (Galloway & Venter 2006:57). In 2000 vind die astronomiese verlaging van R184,9 miljoen in boek aankope deur openbare biblioteke plaas (Galloway & Venter 2006:57). Dit het tot gevolg gehad dat daar in die tydperk 1990–2001 ’n 71%-afname in die publikasie van Afrikaanse kinder- en jeugtitels was (Snyman & Venter 2004:123). Vir die oorwegend Afrikaanse uitgewerye was skoolboek publikasie en -bestellings die boustene van die bedryf en dié gebeure het uitgewers van Afrikaanse kinder- en jeugboeke genoodsaak om nuut en anders oor boekvervaardiging te dink.

Ná die sluiting van Daan Retief Uitgewers en Perskor in 1996 vind verdere herstrukturering van die bedryf vanaf 1999 ook by die groot(st) en oorwegend Afrikaanse uitgewerye van Nasionale Boekhandel plaas. Tafelberg, Human & Rousseau, Kwela, Pharos, Best Books en Van Schaik verloor hulle onafhanklikheid en word herskik tot afsonderlike drukname onder Nasionale Boekhandel (NB), wat deel van Via-Afrika se boekebeen word. Van die vyf drukname (Human & Rousseau, Tafelberg, Kwela, Pharos en Best Books) wat onder NB ressorteer, het slegs Tafelberg en Human & Rousseau Afrikaanse kinder- en jeugboeke vir die algemene mark bly uitgee. Die enigste ander uitgewery wat Afrikaanse kinder- en jeugboeke vir die algemene mark uitgegee het, is Anansi Books, wat hoofsaaklik op die biblioteekmark toegespits was.⁵

Drie nuwe groeipunte ontstaan egter ook in hierdie tyd. Vanaf 2000 tree Protea Boekhuis tot die toneel toe. “Met publikasies wat in verskeidenheid strek vanaf kinderboeke tot belangrike akademiese werke, fiksie, poësie en biografieë, is Protea voortdurend besig om belangrike literatuur in beide Afrikaans en Engels te ontgin” (Protea Boekhuiswebblad 2009). Hulle ontwikkel ’n sterk publikasielyst, wat enkele kinderboek- en jeugboektitels insluit. Van hulle volwassene fiksietitels word ook as oorgangsliteratuur (grootliks in die avontuurkategorie) beskou – soos dit die geval is met heruitgawes van onder meer PJ Schoeman-, HS van Blerk- en Doc Immelman-titels (Eloff 2009).

Met die uitsluitlike doel om die Afrikaanse boek te bevorder, koop die Afrikaanse Taal- en Kultuurvereniging (ATKV) in die laat negentigs die finansiële sukkelende JP van der Walt & Seun, wat veral liefdesromans uitgee en boekklubs bedryf. In 1999 word JP van der Walt & Seun herdoop tot LAPA Uitgewers. LAPA se eerste doelwit is om Afrikaanse lesers terug te wen deur uitnemende kinder- en jeugboeke uit te gee:

LAPA is daarop gerig om in die leesbehoefte van die Afrikaanse gesin te voorsien. Kwaliteit, waarde vir geld en verskeidenheid is vir ons ononderhandelbaar. LAPA weet dat lees in die moedertaal onontbeerlik is vir enige kind se ontwikkeling. Daarom fokus ons op opwindende kinder- en jeugboeke wat Afrikaanssprekende kinders lief maak vir lees (LAPA-webblad 2009).

Fantasi begin in 2001 met “die uitgee van volkleur-kleuter- en kinderboeke in hoofsaaklik Afrikaans. Dié [uitgewer] publiseer meestal eie skeppings wat deur [plaaslike] kunstenaars geïllustreer word, maar doen ook koproduksies in medewerking met oorsese uitgewers [... en] koop en verkoop regte. Fundi is ’n sustermaatskappy wat op leesstof vir tieners en ouer lesers konsentreer” (Fantasi-webblad 2009).

Die verlies aan gemaksones het nuwe sowel as oorblywende uitgewers van Afrikaanse kinder- en jeugboeke gedwing om met nuwe oë én strategieë na die mark te kyk. Omdat die meer voorspelbare en manipuleerbare voorskryfmark plek gemaak het vir die wispelturige, onvoorspelbare en grootliks onbekende algemene mark, is uitgewers gedwing om hulle uitgeefilosofieë in heroorweging te neem.

Invloedryke rolspelers soos onderwysers, vakadviseurs en bibliotekaris se alleen kon nie langer bepaal wat kinders moet lees nie (Snyman 2004:19). Vir uitgewerye het dit nou belangrik geword om so noukeurig moontlik te bepaal watter (soort) publikasies positief deur hulle teikenlesers ervaar sal word. Boonop het teikenlesers toenemend meer visueel geletterd en minder teksgeletterd geraak – nog ’n uitdaging waarvoor voorsiening gemaak moes geword. Dit het tot gevolg gehad dat uitgewerye “groter klem op ’n lesergesentreerde benadering” geplaas het (Snyman 2004:40). By LAPA benut die kinder- en jeugboekuitgewer Miemie du Plessis dié benadering in so ’n mate dat teikenlesers self keurders word en inspraak het in die karakters en storielyn van boeke – ’n tendens wat ook gevolg is deur Carina Diedericks-Hugo, destydse kinder- en jeugboekuitgewer by Human & Rousseau en later ook by Protea Boekhuis (sien ook in dié verband Marais 2006:9a en Marais 2006b:10).

Snyman en Venter (2004:123) dui in hulle samestelling van ’n produksieprofiel vir 2001 aan daar het slegs 66 Afrikaanse kinder- en jeugtitels verskyn – ’n bevestiging van die probleem waarna Van der Westhuizen (1999) verwys. Hoewel dit tans op die oog af lyk asof die bedryf gesond(er) is, omdat daar meer titels in hierdie genre sigbaar is, is dit nie ’n ware weerspieëling van die stand van sake nie. Die aantal uitgewers wat gereeld Afrikaanse kinder- en jeugboeke publiseer, en ’n analise van die 240 titels wat in 2008 verskyn het, toon ernstige leemtes in die publikasie van oorspronklike, plaaslike nuwe titels (sien in dié verband ook die uitgebreide meegaande bylaag⁶):

Uit tabel 1 is dit duidelik dat daar tans relatief min ware rolspelers op die gebied van Afrikaanse kinder- en jeugboeke is. Uit die vyf uitgewersmaatskappye is dit slegs Fantasi wat uitsluitlik kinder- en jeugboeke publiseer. Ten spyte van die hoë produksiesyfers (’n totaal van 240 titels vir die tydperk Januarie–Desember 2008), is die aantal nuwe en oorspronklike boeke wat gepubliseer word ’n skrale 16% van die totale boekproduksie vir dié tydperk. Hierteenoor verteenwoordig 52% van die 2008-produksieprofiel herdrukke (plaaslik, maar ook herdrukke van vertaalde titels), en verteenwoordig 32% van die totale produksiesyfers vertalings.

’n Nuwe rolspeler, Malan Media, wat grootliks koproduksies publiseer, tree in 2008 tot hierdie mark toe (met onder meer *Meisies se dinge* in 2009 – ’n vertaalde reeks), en

Tabel 1: Produksieprofiel van Afrikaanse kinder- en jeugboeke vir 2008

	Nasionale Boekhandel	LAPA Uitgewers	Fantasie Books	Protea Boekhuis	Malan Media	
Herdrukke/heruitgawes	31	20	5	3	–	59
Herdrukke van vertalings en/of hervertalings	6	7	–	1	–	14
Herdrukke van reekse	28	7	4	2	–	41
Herdrukke en/of hervertalings van vertaalde reekse	10	–	–	–	–	10
Vertalings	16	28	4	–	1	49
Vertalings van reekse	8	9	12	–	–	29
Nuwe reekse	2	8	2	–	–	12
Nuwe titels	6	12	2	6	–	26
Totaal	107	91	29	12	1	240

daar is ’n toename van titels by Protea Boekhuis. Voorlopige opnames van 2009/2010 toon egter dat die dalende tendens in Afrikaanse kinder- en jeugliteratuurtitels aktiewer ingryping en deelname sal noodsaak om die genre te bestendig.

3 AFSETGEBIEDE VAN AFRIKAANSE KINDER- EN JEUGBOEKE

Die wegval van die voorskryfmark en die verlaging in aankope vir biblioteke het ’n gebrek aan beskikbare afsetgebiede vir Afrikaanse kinder- en jeugboeke tot gevolg gehad. Die beperking ten opsigte van tradisionele afsetgebiede soos onderwysdepartemente en biblioteke het uitgewers van Afrikaanse kinder- en jeugboeke grootliks gedwing om die boekhandel as afsetpunt beter te ontgin.

Uitgewers kla egter oor die apatiese houding van handelaars teenoor Afrikaanse boeke in die geheel. Du Plessis (2009b), Malan (2009b) en Stassen (2009) dui aan dat

- boekhandelaars groot hoeveelhede internasionale kinder- en jeugboektitels eerder as plaaslike boeke aankoop (Du Plessis 2009b; Malan 2009b);
- boeke verkeerd geplaas word – soms beland ’n jeugverhaal maklik tussen literatuur vir volwassenes (Du Plessis 2009b; Malan 2009b);

- handelaars nie weer bestel as die voorraad uitverkoop is nie (Du Plessis 2009b; Malan 2009b);
- min rakspasie aan Afrikaanse kinder- en jeugboeke afgestaan word (Du Plessis 2009b; Malan 2009b; Stassen 2009);
- te veel plek aan die herdrukke van ou bekende(r) titels eerder as nuwe titels gegee word (Du Plessis 2009b; Malan 2009b);
- dit soms maande neem vir boeke om van die stoor na die rak te vorder (Malan 2009b).

Fascination Books, die derde grootste kettingboekhandelaar met 33 winkels (Booyen 2008), word in 2008 gelikwedeer. Buiten finansiële verliese aan reeds gelewerde voorraad, het uitgewers afsetgebiede (verkoopspunte) verloor (Stassen 2009) omdat Fascination die Afrikaanse uitgewers meer goedgesind was as handelaars soos Exclusive Books en CNA wat op Engelse titels fokus.

Die sigbare tekort aan kinder- en jeugboeke in boekwinkels skep die persepsie dat daar nie Afrikaanse kinder- en jeugboeke bestaan nie, terwyl die teendeel die geval is. Boeke verkoop dus nie goed in die handel nie want die boekwinkels bestel dit nie, maar die boekwinkels meen weer dit verkoop nie en bestel daarom nie – ’n bouse kringloop wat nie maklik verbreek sal word nie.

Du Plessis (2009b) wys daarop dat LAPA nie soveel kinder- en jeugboeke sou kon uitgee as hulle afhanklik was van die handel as enigste verspreidingskanaal nie. Daarom bring hulle ook skoolbesoeke om direk aan kinders te bemark. (Vergelyk Van der Westhuizen [1999:132] se argument wat aanvoer dat kinders direk bereik moet word.)

Die grootste mark lê volgens Du Plessis (2009b) en Malan (2009b) steeds by die verspreiding aan skole, skoolbiblioteke, biblioteke en onderwysdepartemente wat deur middel van tussengangers en agente bestellings plaas. Du Plessis (2009b) verwys ook na aankope deur die Wes-Kaap se Onderwysdepartement met die 100-boeke-per-klas- en Quidup-projek wat grootskaalse verkope moontlik maak. So is daar al in Diedericks-Hugo se Thomas@-reeks meer as 80 000 titels verkoop weens die gebruik daarvan vir eerste- en tweedetaalsprekers van Afrikaans in graad 8 en 9 (Du Plessis 2009b).

Anders as in die verlede verkies rolspelers in die onderwys nou ook boeke wat leerders kan geniet bo voorgeskrewe werke wat uitsluitlik bedoel is vir onderrig en opvoeding – waarskynlik omdat lees so ’n bedreigde vaardigheid geword het (Snyman 2006).

4 AFRIKAANSE KINDER- EN JEUGBOEKE IN DIE MEDIA

Handelaars is dit eens dat gereelde resensies van en publisiteit oor boeke in dagblaaie en tydskrifte hulle (sowel as die kopers) kan oortuig om boeke te koop. Hierdie genre(s) word egter tans in die dagblaaie se boekeblaaie afgeskeep.⁷

Hoewel daar ook op ander wyses mediablootstelling aan die genres gegee word, sluit dit meermale slegs mediadekking in vir bekronings soos dié van die ATKV en Akademie vir Wetenskap en Kuns (wat saam met weners van volwassene boeke aangekondig word), en die kompetisies van Maskew Miller & Longman en Sanlam met die oog op manuskripwerwing en -ontwikkeling. Dit blyk dat internasionale pryse meer mediaruimte as plaaslike pryse kry, en dat onderhoude met jeugboekskrywers beperk is tot prysweners (sien o.m. ATKV vereer ... 2007:8; ATKV-veertjies ... 2007b:3; ATKV vereer ... 2008:10; Jeugskrywers ... 2008:11; Britz 2008:8; Viljoen 2008:11).

Die media voer beperkte bladruimte aan as verskoning vir die gebrek aan resensies van kinder- en jeugboeke. Uitgewers het begrip vir dié probleem, maar meen kort aankondigings sal ’n goeie begin wees (Stassen 2009). Du Plessis (2009b) stel voor dat een boekeblad een of twee keer per jaar aan die genre(s) afgestaan word en verwys positief na Gerrit Brandt (2009:12) wat vroeg in 2009 ’n oorsigartikel geplaas het met publikasies waarna deur die loop van die jaar uitgesien kan word, soos dit ook die geval was met *Rapport*-boeke se insetsel oor boeke wat in die Kerskous kan beland (Greeff & Marais 2009:8).

Die resensente wat gebruik word, is egter ook ’n saak waaroor kommer bestaan. Lees-en/of letterkundiges word selde gebruik om kinder- en jeugboekresensies te skryf. Du Plessis (2009b) vind dit problematies dat een jeugskrywer ’n ander jeugskrywer se werk resenseer. Ook dui Piet Grobler (in ’n onderhoud met Nicolene Heyns 2008:62) aan: “Prenteboeke word byvoorbeeld dikwels geresenseer deur iemand met weinig formele kennis op die gebied. Ouerskap kwalifiseer nie ’n joernalis as ’n prenteboekresensent nie!”

5 AKADEMIESE FUNDERING VAN DIE GENRE(S) AFRIKAANSE KINDER- EN JEUGBOEKE

Die heersende persepsie en/of norm in die Afrikaanse literêre sisteem was nog altyd dat daar wel na kinder- en jeugliteratuur verwys word, maar dat dit nie in Afrikaanse literatuurgeskiedenis bespreek word nie. Wybenga (2004) dui as voorbeeld aan hoe MER “nie as skryfster van kinderboeke” (Nolte 1994 in Wybenga 2004) in die Afrikaanse prosakanon opgeneem is nie. Sy (Wybenga 2004:45) wys ook op “oningeligte uitlatings” van geskiedskrywers en/of bydraers tot literatuurgeskiedenis, waarin MER se kinderboeke oor die hoof gesien word in besprekings van haar skryfwerk.

Verder word kinder- en jeugliteratuur skraps bespreek in gesaghebbende Afrikaanse literatuurgeskiedenis soos dié van Kannemeyer (1978, 1983, 1984, 1988, 1990, 1998 en die bygewerkte uitgawe van 2005). In *Perspektief en profiel* (Van Coller 1998, 1999, 2006) word daar hoofsaaklik na kinder- en jeugboekskrywers verwys as en wanneer

hulle ook skrywers van volwassenerliteratuur is. Geskiedskrywers staan egter nie in onkunde oor hierdie situasie nie, soos Van Coller (2006:ix) wel in die inleiding tot *Perspektief en profiel* aandui:

Met die uitsondering van perspektiewe op jeugliteratuur, tydskrifte en uitgewerswese is die hele Afrikaanse literêre veld nou in die drie verskene dele van *Perspektief en profiel* in kaart gebring. In die afgelope jaar is van die drie genoemde verwaarloosde gebiede vir die eerste keer werklik grondig en sistematies ondersoek [...] en sal oorsigte hiervan hopelik ook in 'n volgende uitgawe van hierdie literatuurgeskiedenis opgeneem kan word.

Lohann se *Afrikaanse kinderboekgids* (1986, 1989) en Kruger se *Kinderkeur* (1991) was waardevolle bronne waarin gesaghebbende kinder- en jeugboekskrywers en -titels opgeneem is, en wat kinder- en jeugliteratuur hoofsaaklik uit 'n letterkundige perspektief gekanoniseer het. Ghesquiere (1997:24) wys egter op die ingewikkelde kommunikasiesisteem van die kinder- en jeugboek: tekste waarin die volwassene as tussenganger figureer tussen teks en ontvanger. Ghesquiere wys ook daarop dat jeugliteratuur op die periferie van die literêre polissisteem beweeg en dikwels 'n eie kanon ontwikkel.

In die geval van kinder- en jeugliteratuur kan nie net literêre kwaliteite in ag geneem word nie. Buiteliterêre elemente soos pedagogiek, teikenlesers, kreatiewe taalgebruik, idees, geïmpliseerde boodskap en illustratiewe aspekte behoort ook in ag geneem te word. Ghesquiere (1997:167) kom tot die gevolgtrekking dat kinder- en jeugliteratuur die terrein van sowel pedagoë en opvoeders as literatuurwetenskaplikes en literêre kritici is – en een waarin die teikenleser nie uit die oog verloor mag word nie.

Die verskyning van die eerste Afrikaanse kinder- en jeugliteratuur-geskiedenis, *Van Patrys-hulle tot Hanna Hoekom: 'n gids tot die Afrikaanse kinder- en jeugboek* (Wybenga & Snyman 2005), was die gevolg van die behoefte aan 'n omvattende optekening van Afrikaanse kinder- en jeugliteratuur. Die bydraers tot hierdie boek is gewerf uit die vakgebiede inligtingkunde, biblioteekkunde en die literatuurstudie. Die doel van hierdie literatuurgeskiedenis was om 'n “geheeloorsig oor meer as 'n eeu se Afrikaanse kinder- en jeugliteratuur in al sy verskyningsvorme te bied ... vir vakspesialis ... maar ook die algemene leser” (Wybenga & Snyman 2005:12–13).

Die ontvangs van *Van Patrys-hulle tot Hanna Hoekom: 'n gids tot die Afrikaanse kinder- en jeugboek* was egter 'n (her)bevestiging van heersende persepsies onder akademië, literêre navorsers en geskiedskrywers van die groter Afrikaanse literêre sisteem met betrekking tot dié subsisteem. Dié omvangryke publikasie van 510 bladsye het bykans geen aandag in boekeblaaie geniet nie. Slegs een kritiese resensie (Van Coller 2005:10) en een aankondigingsartikel (Venter 2005) het daarvoor in boekeblaaie van dagblaaie verskyn. Van Coller (2005:10) wy 'n groot deel van sy resensie aan die gebruik van die terme *literatuur* versus *letterkunde*, die gemeenplasing inhoud en die formaat van die boek, en Venter die grootste deel van haar bespreking aan 'n opsomming van die boek.

Die tweede kommerwekkende aspek is dat reaksie op die resensie van Van Coller die verwydering tussen “literêre rolspelers” en die breë publiek aangetoon het. Erika van Eeden (2005:10) skryf in *Volksblad* se briewerubriek in reaksie op hierdie resensie: “Heelwat van [die] besware teen [...] die boek, begryp ek nie juis nie [...] Van die taalonderwysers [tot die] bibliotekaresse op ons dorp, kan nie uitgepraat raak oor hoe waardevol hulle die boek vind nie. [...] Elke ma wat ek ken, kry een vir Kersfees.”

Die verskyning van en die reaksie op *Van Patrys-hulle tot Hanna Hoekom: ’n gids tot die Afrikaanse kinder- en jeugboek* is egter bloot ’n simptoom van die algemene gebrek aan akademiese fundering van Afrikaanse kinder- en jeugliteratuur.

Van der Westhuizen (1999:135) sowel as Du Plessis (2009b) bepleit tersiêre opleiding op die gebied van die kinder- en jeugboek sodat teoretiese besinning en toegepaste navorsing daarvoor gedoen kan word. Du Plessis (2009b) en Grobler (in ’n onderhoud met Nicolene Heyns 2008:62) spreek hulle kommer uit oor die tekort aan kunstenaars en skrywers wat ernstig is oor die kinderboekbedryf. Volgens Du Plessis (2009b) is bykans geen illustreerder wat by haar aanklop vir illustrasiewerk gespesialiseer in kinderboeke nie. Graduandi in grafiese ontwerp is nie die antwoord nie, omdat hulle meestal oor beperkte agtergrond en kennis van kinderboekillustrasie beskik, wat spesifieke uitdagings aan die kunstenaar stel (Du Plessis 2009b).

Die aantal Afrikaanse taaldepartemente wat ’n kursus in kinder- en jeugliteratuur aanbied, is beperk. Hierdie genre(s) as akademiese vakgebied is nie meer op die agenda nie.⁸

6 ONTWIKKELING VAN PLAASLIKE SKRYWERS EN ILLUSTRERERS

Die gebrek aan die opleiding van akademici en praktisyns op die gebied van kinder- en jeugliteratuur word ook weerspieël in die klein poel skrywers en illustreerders wat tot Afrikaanse kinder- en jeugliteratuur van gehalte bydra.

Een punt van kontensie is dat uitgewers van Afrikaanse kinder- en jeugliteratuur hulle die laaste paar jaar toenemend wend tot die heruitgee van bekende (maar ook minder bekende) reekse. So gee Human & Rousseau die volledige “Maasdorp”-, Pippie Langkous- en “Fritz Deelman”-reekse uit, waarna ook die volledige “Saartjie”- en “Trompie”- en ook die “Keurboslaan”-reekse. Fantasi Books herdruk drie van die “Oloff die seerower”-reeks en Protea Boekhuis gee ’n groot aantal kinder- en jeugboeke van bekende ouer skrywers soos JH van Blerk, PJ Schoeman en Doc Immelman weer uit.

Die goeie verkope wat hieruit spruit, is waarskynlik te danke aan die bekendheid van die titels en die nostalgiese waarde daarvan. Diedericks-Hugo (2009:21) bevestig die gewildheid van die boeke en sê “boekhandelare [sic], biblioteeklui en onderwysers kan getuig dat dit die kinders self is wat na die boeke kom vra”.

Die heruitgee van boeke is “’n meganisme wat uitgewerye kan gebruik om standhoudende produksie te verseker” (Snyman & Venter 2004:132) en volgens Van der Westhuizen (1999:131) selfs gewens. Van der Westhuizen bepleit dat uitgewers boeke beskikbaar moet hou waarvoor daar aanvraag is. Stassen (2009) wys daarop dat titels soos dié van PJ Schoeman en Doc Immelman werklik goed verkoop, en dat kinders dit geniet, omdat daar ’n behoefte onder kinders is om boeke te lees wat nie voortdurend verband hou met tematiek waarmee hulle juis nie gekonfronteer wil word nie (sien in dié verband ook die mening van Burger 2008:12).

Du Plessis (2009a:21) betwyfel egter die sin daarvan om “so ’n klomp heruitgawes die lig [te] laat sien – ten koste van boeke wat op kinders se leefwêreld, leesvermoë en leesbehoefte gemik is ... en ten koste van nuwe en innoverende publikasies.” Sy (Du Plessis 2009a:21) waarsku dat “ouers dikwels daarop aan[dring] om vir hulle kinders NET die boeke te koop waarmee hulle groot geword [sic] het, juis omdat dit ’n vervloë era herroep” (oorspronklike klem).

Die nostalgie vir die goeie ou dae lê by die ouers, en dit demp die kinders se leeslus. “Historiese verhale word baie negatief deur [...] die respondente [in navorsing oor leesvoorkeure en leesgedrag] ervaar” (Snyman 2006:161).

Dit lyk asof uitgewerye van Afrikaanse kinder- en jeugboeke, afgesien van herdrukke, toenemend hulle heil by koproduksies en vertalings gaan soek. Hierdie tendens hoef nie noodwendig negatief beskou te word nie, maar die afmetings daarvan tans laat gevaarligte flikker. Hoe groot die impak hiervan is, blyk uit die feit dat daar 35 boeke vir die Elsabé Steenberg-prys vir vertaalde kinder- en jeugliteratuur in 2009 voorgelê is. Van hierdie titels is 21 deur NB-uitgewers (Akademie vir Wetenskap en Kuns 2009) ingeskryf. In 2009 is die MER-prys vir jeuglektuur aan Derick van der Walt toegeken vir *Lien se lankstaanskoene* (Tafelberg) en die MER-prys vir kinderlektuur aan Mari Grobler (illustrasies deur Elizabeth Pulles) vir *Siyolo’s Jersey/Siyolo se Trui* (Tafelberg). Dié prys bekroon boeke geskep deur inheemse skrywers en illustreerders wat in die vorige jaar by uitgewerye van NB verskyn het (Wybenga & Snyman 2005:174–175). Vir die 2009-prys was daar slegs onderskeidelik twee en drie Afrikaanse boeke op die kortlys (*LitNet* 2009). Hierdie tendens het natuurlik ’n negatiewe uitwerking op die ontwikkeling van plaaslike skrywers en illustreerders waaraan daar reeds ’n tekort is.

7 GEVOLGTREKKING

Die oplossing wat Van der Westhuizen (1999) aan die hand gedoen het, naamlik “dat dit wenslik [is] dat opgeleide jeugliteratuurkundiges aangestel word vir kurrikulumontwikkeling ... [omdat] vakkundiges en voorskryfkomitees besonder invloedryke potensieële bevorderaars van jeugboeke [is]”, klink simplisties in die lig van die enorme uitdagings wat post-apartheid Suid-Afrika en die toenemend prominente

videosfeer (sien onder meer Rossouw 2000; Stassen 2003) en tegnologiese ontwikkeling aan die bestaan van die Afrikaans kinder- en jeugboek stel.

Die oorsig oor Afrikaanse kinder- en jeugboeke wat vir hierdie artikel onder die loep geneem is, plaas die volgende kwessies vir verdere bespreking en navorsing op die agenda.

- *Verskraling van plaaslike publikasies.* In die profielontleding van 2008 is dit duidelik dat die mark tans gedomineer word deur vertalings en herdrukke, wat ’n negatiewe effek impliseer op die ontwikkeling van plaaslike kinder- en jeugboekskrywers, sowel as illustreerders.
- *Die (groter) rol van die Afrikaanse media in die instandhouding van die Afrikaanse kinder- en jeugboek.* Die gedrukte media se blootstelling aan kinder- en jeugboeke is skraps in vergelyking met ’n dekade gelede. Boekeblaaie van dagblaaie plaas min resensies, maar hoofsaaklik aankondigings. Resensente is in die meeste gevalle nie kundiges nie, hoofsaaklik omdat navorsers wat hulle toespits op Afrikaanse kinder- en jeugliteratuur aftree of buite die akademie ’n heencome soek. Dit veroorsaak ’n vervlakking van die gesprek en persepsies oor dié genre.
- *Die ontwikkeling en uitbouing van kennis en vaardighede op die gebied.* Hierdie punt hang nou saam met die voorafgaande. Omdat min navorsing oor en akademiese onderrig op hierdie vakterrein beskikbaar is, verklein die poel kundiges en sal kennis daarvoor verminder en verskraal.
- *Kundigheid oor die leesvoorkeure en leefwêreld van kinders en jeugdiges.* Saam met die uitfasering van Biblioteekkunde ten gunste van Inligtingkunde op die meeste Afrikaanse universiteite, het die vakgebied Leserskunde aansienlik verskraal en die studentegetalle by taaldepartemente afgeneem. Die enigste belanghebbers wat hierdie kundigheid tans benodig, is die enkele uitgewerye wat steeds Afrikaanse kinder- en jeugboeke uitgee.
- *Taalverwagtings-/voorkeure van kinders en jeugdiges.* Daar is reeds aanduidings dat ’n groot deel van die Afrikaanssprekende gemeenskap Engels verkies vir die opvoeding van hulle kinders. Globaal is Engels ’n magtige ekonomiese voertaal wat ook op Afrikaans as kleiner taal ’n impak het. Daar sal doelbewus en met groter sinergie opgetree moet word om die Afrikaanse kind te oorreed om steeds Afrikaans te lees.
- *Die gebruik van tegnologie in die skepping van leesmateriaal.* Dit is bekend dat kinders nie na boeke gaan soek nie (Snyman 2006). Boeke moet deur entoesiastiese volwassenes geneem word na waar kinders is. Dieselfde beginsel geld vir die tegnologiese media. Pogings sal allerweë aangewend moet word om Afrikaanse leesmateriaal – waarskynlik in verbloemde vorm – daar te plaas waar kinders dit moontlik sal soek en vind.

Wanneer leesvaardigheid wêreldwyd – en veral in Suid-Afrika – onder druk is en Afrikaans bowendien sy status as akademiese en ekonomiese taal verloor, lê die oplossing(s) ideaal gesproke by die vasberadenheid van alle rolspelers om die bootjie op die water te hou en, realisties gesproke, by die wins wat gemaak kan word uit Afrikaanse kinder- en jeugboeke. Eersgenoemde vereis, in Van der Westhuizen (1999:138) se woorde, nie slegs die “gewone instandhouding van die polisistiem nie, maar [...] verandering by persone en instansies [so]dat die polisistiem dinamies [kan] groei en gedy.” En laasgenoemde hou verband met hoe ernstig Afrikaanssprekendes die taal bejeën en of die regte boeke op die rakke verskyn.

EINDNOTAS

1. Hierdie navorsing is die eerste keer aangebied as ’n referaat “*Haai, Jaco Jacobs, wanneer skryf jy ’n regte boek?*” *Die kanoniserings van kinder- en jeugliteratuur*, by die Wêreld in Dialoog-kongres te Potchefstroom, 8–11 Julie 2008.
2. Sedert *Stilet* in 1999 ’n uitgawe in die geheel aan kinder- en jeugliteratuur gewy het, verskyn daar onder meer ook navorsing op die gebied van leesbelangstelling en -gewoontes (Joubert 2002; Machet 2002; Kruger 2003; Snyman 2006); die internet as hulpmiddel om kinderliteratuur te bemark (Greyling 2004); tegnologie, grense en hibriditeit (Greyling 2007); produksiepatrone van Afrikaanse kinder- en jeugprosa (Snyman & Venter 2004); profilering van die Afrikaanse kinder- en jeugboekskrywers (Snyman 2004); Engelse kinderliteratuur en die omgewing (Jenkins 2004); humor in kinderverhale (Van Niekerk & Van der Westhuizen 2004); kanoniserings van die Afrikaanse kinderboekskrywer (Wybenga 2004); tienerfiksie en seksverwante tema (Wiggill & De Wet 2004); oorgangsliteratuur (Nieman 2005); identifisering met karakters (Greyling 2005); Suid-Afrikaanse kinderliteratuur in verhouding tot Australiese en Kanadese kinderliteratuur (Van der Walt 2005) en kunstyle in die Suid-Afrikaanse kinderboek (Fairer-Wessels & Wessels 2007); die rol van identiteit en ruimte in gemeenskapse jeugnovelle (Greyling, Combrink & Du Plessis 2008).
